# OosieNUUS

ONS OOSIE WÊRELD

**37/2025** **30 Oktober 2025**


## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Oosie-ouers, voogde en-leerders

Ons neem einde Oktober afskeid van ’n paar gewaardeerde personeellede: Mnr F. Parker (Adjunkhoof) en Me W. Kalp (Onderwyseres). Ons dank hulle vir hul toewyding, passie en bydrae tot die Oos-Moot-gemeenskap en wens hulle alles van die beste toe in hierdie nuwe hoofstuk van hul lewens.

Ons Oosies leef hul passie op verskeie terreine uit, nie net in sport, kultuur en akademie nie, maar ook deur hul waardes te vier en aan die gemeenskap deel te neem. Ons Trots Oosie-lede en Oosies het die afgelope Vrydae ons waardes op kleurvolle manier uitgeleef.  Van die lede is al vyf jaar deel van dié groep en het onlangs ’n spesiale toekenning ontvang.

Oosie-LIG het saam met *Unchain Our Children* die *Happy Sabby Day Care Centre* in Pretoria-Wes besoek. Die Oosies het tyd saam met die kleuters spandeer, gedans en gehelp om die koskaste aan te vul.   Dit is ‘n waardevolle herinnering dat ons werklik elke dag in die Oosie-LIG se leuse *Lewe in Genade* wandel.

Hoewel die matriekafskeid vir baie van ons matrieks reeds ’n mooi herinnering is, het van ons matrikulante die feesgees verder geneem met hul inskrywings by nasionale kompetisies:  Cay-Lee Stols het ingeskryf vir die Sarie Matriekafskeidrok 2025 en Cherize Diedericks het vir Rapport: Mooiste Matrieks ingeskryf waar sy een van die finaliste is.  Ons wens hierdie twee Oosies alles van die beste toe en is trots om te sien hoe ons leerders hulself met styl en selfvertroue uitdra.

Ons Tienertoneelgroep het op 25 Oktober aan die Nasionale Finaal van die “Op die Planke” Toneelfees deelgeneem en die toekenning vir Beste Verhoogbestuur verower. ’n Puik prestasie deur die span wat vanjaar se produksie, *Voëlhok*, met soveel gees op die planke gebring het. Die orkes het op 28 Oktober, tydens die spesiale prysuitdeling van die Nasionale Eisteddfod, twee uitstaande toekennings ontvang. Hulle is Nasionale kategorie-wenners en het ook die *Ambassadors Award* ontvang: ’n toekenning wat slegs gemaak is aan dié groepe wat binne die top 3% presteer het (uit meer as 7 000 inskrywings landswyd) ongeag die kategorie.  Wat ’n merkwaardige prestasie – baie geluk!

Ons hoofleiers vir 2026 het tydens die Solidariteit Hoofleiersontbyt inspirerende toesprake en waardevolle leiding ontvang om hulle vir hul groot taak in 2026 toe te rus.

Die sagtebal se oefenhokke het onlangs ook ’n splinternuwe baadjie gekry. Danksy ons toegewyde sagtebalouers wat saamgespan het, lyk die oefenhokke nou spoggerig met nuwe sementblaaie en kunsmatige gras. Baie dankie dat julle hierdie behoefte raakgesien het.  Dit is beslis ’n spasie waarop ons kan trots wees. Dankie dat ons Hoërskool Oos-Moot tot hoër hoogtes kan neem met ouers en ’n gemeenskap wat ons ondersteun.

Oosies se sagtebalspanne het ook groot geskitter tydens die Tshwane Liga-uitspele op 25 Oktober by Crafford. Drie spanne het die finaal gehaal:

- Die o.15A-span is ligawenners, wen die Goud-finaal met 7–0 teen Hoërskool Zwartkop, en dring deur na die Gauteng Kampioenskappe.
- Die Eerstespan stap ook weg met goud na ’n 7–4 oorwinning teen Afrikaans Hoër Meisies Pretoria.
- Die o.16A-span eindig vierde na ’n goeie wedstryd teen Hoërskool Montana.

Hoërskool Oos-Moot eindig algeheel tweede in die TSSA-liga, ’n prestasie wat spreek van harde werk en spanpoging.

Verder spog ons nou met ons eie tennisbaan wat onlangs voltooi is en ons tennisspelers het reeds op Maandag, **27 Oktober**, vir die eerste keer op hul eie baan geoefen. ’n Groot mylpaal wat nuwe geleenthede bied om **tennis by Oos-Moot verder uit te bou**. Die bestaande vyf netbalbane se oppervlakte is ook oorgedoen en van dié bane sal saam met die nuwe tennisbaan vir beide tennis en netbal gebruik word.

Ten slotte: ’n **skrywe van die Oosie Bond** is by hierdie nuusbrief aangeheg as **Aanhangsel A**.





Oosie-groete
**Me S Theron (HOOF)**

## BELANGRIKE DATUMS EN KONTAK-BESONDERHEDE

**BELANGRIKE DATUMS**

- 10 Nov. : Algemene jaarlikse ouerverg.
- 15 Nov. : Rugby proewe (1ste rondte)
- 27 Nov. : Gr.12 *Computer Applications Tech (P1)* herskryf

**Kontakbesonderhede** van bestuur en graadvoogde is op die skool se webwerf beskikbaar

## ONS GROET



Ons neem einde Oktober afskeid van die volgende personeel:
Mnr F Parker (adjunkhoof), wat op 1 November by H/S Garsfontein as adjunkhoof begin. Sedert sy aankoms in 2020 het hy leerders en personeel met warmte, humor en passie gelei, die matriekgroep met trots begelei en talle skoolprojekte, soos die **Waardelaan**, tot stand gebring. Hy het vir 'n tydperk selfs die uitdagende rol van **Waarnemende Hoof en Adjunkhoof by Oos-Moot** gekombineer.

Sy lewensfilosofie – "As jy werk, werk hard. As jy speel, speel hard. Moet nie net oorleef nie – leef voluit!" – sal bly inspireer. Die leerders sal hom veral onthou vir sy leuse "'n Betrokke Oosie is 'n Gelukkige Oosie". Ons gaan sy energie en liefde vir mense baie mis!



Me W. Kalp, wat sedert 1 Januarie 2002 deel van ons skool was en ons op 31 Oktober 2025 verlaat. Sy was 'n waardevolle lid van die Afrikaanse departement en 24 jaar deel van die Blou Golf.

Deur die jare het sy haar liefde vir musiek uitgeleef in klavierbegeleiding in die saal, sanglesse en in 2003 het sy die skool se revue begin, wat later gegroei het tot twee suksesvolle groepe: die Revue en die All Stars wat saam steeds groot sukses behaal.

Ons neem afskeid van 'n ware ikoon en wens haar 'n rustige en vervullende aftrede toe. Mev Kalp, ons salueer jou!

## LIEF EN LEED

Me M Edwards het onlangs 'n groot rugoperasie ondergaan. Die prosedure het suksesvol afgeloop en sy sterk nou tuis aan.

Ons wens haar net die beste toe vir 'n spoedige herstel!

## DRINGENDE KENNISGEWING: VERANDERING IN DATUM VAN ALGEMENE JAARLIKSE OUERVERGADERING EN VERANDERDE BEGROTING 2026

Weens die onlangse vermindering van die Departementele Toewysing vir 2026 met 'n bedrag van R616 000, was die skool genoodsaak om die skoolfondsbegroting vir 2026 ooreenstemmend te wysig ten einde die begrote uitgawes vir die komende jaar te handhaaf.

As gevolg van hierdie aanpassing word die Algemene Ouervergadering (AGM) uitgestel na:

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | **10 November 2025** |
| Tyd | : | **18:00 vir 18:30** |
| Plek | : | **Skoolsaal** |

Indien geen kworum bereik word nie, sal die opvolgvergadering op **11 November** plaasvind.

## AKADEMIE

### November eksamenrooster (Gr8 tot 11)

Die eksamenrooster word op **3 Oktober** aan leerders uitgegee, per e-pos aan ouers gestuur en sal dan op die skool se webwerf beskikaar gestel word.

### Eksamenreëls en reëlings (Gr.8 tot 11)s

Die inligting is op die skool se webwerf beskikbaar.

**Aanmeldtye** (soos per eksamenreëlings)

Graad 10 en 11

- Sessie 1 : Op die laatste 08:00
- Sessie 2 : Op die laatste 12:00

Let wel: Leerders moet handboeke inhandig voor die sessie begin.

### Skryfbehoeftelyste 2026 (gr.8 tot 12)

Vir ouers wat al wil begin dink aan skryfbehoeftes vir 2026, is die lyste vir elke graad in **Aanhangsel B** aangeheg. Let asseblief daarop dat daar deur die loop van 2026 nog items versoek kan word.

### Gr10 Rekeningkunde Werkboek 2026

'n Werkboek gaan in 2026 vir die graad 10 Rekeningkunde leerders gebruik word. Die projekkode en koste is reeds op d6 geplaas en ouers het dus 'n d6 kennisgewing ontvang. Volg die onderstaande skakel vir die formele skrywe met inligting.
Graad 10

### Fisiese Wetenskap Werkboeke 2026

Die Fisiese Wetenskap Werkboeke vir 2026 se skrywes vir die graad 10- tot 12-leerders is by die onderstaande skakels beskikbaar:
Graad 10
Graad 11
Graad 12

## Toerisme Studiegidse 2026

Die Toerisme Studiegidse vir 2026 se skrywes vir die graad 11- en 12-leerders is by die onderstaande skakels beskikbaar

Graad 10

Graad 11

Graad 12

## Wisseltrofee gravering

Indien ouers die wisseltrofee wat hul kind ontvang het wil laat graveer, kan dit by me N Visser gereël word:

- R120 per trofee.
- Betaling by die finansieskantoor.
- Handig bewys van betaling voor of op 3 November by me N Visser in (K96) in.
- Verskaf volledige inligting: Leerder se naam en van, jaartal en watter trofee graveer moet word bv. Jan Putter, 2025, Beste Skaakspeler van die jaar.

## Handboekinname

Met die eksamen wat binnekort begin, deel ons graag die reëlings vir die inhandiging van handboeke. Die skool voorsien handboeke gratis aan al ons leerders, daarom is dit belangrik dat boeke in 'n goeie toestand teruggegee word sodat dit volgende jaar weer uitgereik kan word. Ons vra dat alle reëlings hieronder noukeurig gevolg word, sodat die proses vinnig en sonder probleme verloop.

**Belangrik:**

Alle leerders moet hul handboeke volgens onderstaande riglyne betyds en netjies inhandig.

### Voorbereiding van handboeke

- Maak seker dat elke handboek met plastiek oorgetrek is.
- Leerder se naam en van moet duidelik binne in die boek aangedui wees.
- Los blaaie moet netjies vasgeplak word.
- Indien die voorblad of agterblad los is, plak dit asseblief vas.
- Plastiek kan, indien nodig, by die boekstoor verkry word indien nodig**.**
- 'n Boek wat nie aan die vereistes voldoen nie, moet eers reggemaak word voordat dit aanvaar kan word — wat die inhandigingsproses vertraag.

⚠ Let asseblief daarop:

- GEEN onoorgetrekte en/of beskadigde handboeke sal aanvaar word nie.
- Indien jou boek weens swak toestand geweier word, mag dit nie op die tafels agtergelaat word nie.
- Die boek bly teen jou naam geregistreer en jy sal dit self in die stoorkamer tussen honderde boeke moet gaan soek.

### Tyd van inhandiging

- Getrou en deurlopend – die oggend vóór hul eksamensessie.
- Moet nie wag om alles aan die einde van die eksamen in te handig nie. Dit veroorsaak onnodige lang rye en die rekenaarstelsel kan nie groot volumes op een slag hanteer nie.
- Handboeke word in die restaurant by verskillende rekenaarpunte ingehandig.
- Luister soggens na die instruksies wat deur personeel gegee word.

Tydskedule per graad

| Graad 12 | |
|---|---|
| *Handig die handboek(e) van die wat jy dié dag skryf in, **VOOR** jou eksamensessie.* | |
| Eerste sessie | 06:45 – 08:00 |
| Tweede sessie | 12:30 – 13:00 |
| Graad 10/11 | |
| *Handig die handboek(e) van die wat jy dié dag skryf in, **VOOR** jou eksamensessie.* | |
| Eerste sessie | 06:45 – 07:30 |
| Tweede sessie | 12:00 – 12:30 |

| Graad 8/9 | |
|---|---|
| *Handboeke van die vorige dag se vak word die volgende oggend **per klas ingesamel**.* | |
| Tyd | 06:30 – 07:20 |
| Omdat daar studiesessies is, kan leerders die betrokke handboek sommer in hul eksamenlokaal los tot die volgende oggend. | |

**Let wel:** Handboeke vir die laaste vak word dieselfde oggend ingehandig. Leer dus by die huis, of bring slegs notas saam.

### Verlore of beskadigde handboeke

In die geval waar 'n handboek verlore of beskadig is, is die proses soos volg:

- Betaal by die finansieskantoor.
- Bring die kwitansie na die handboekstoor as bewys van betaling.
- Moenie wag tot die dag van rapportuitdeling nie – daar sal baie lang toue wees. Hanteer dit so gou as moontlik.

| Boeksoort | Vervangingskoste |
|---|---|
| Handboek Gr.8 en 9 | R250 |
| Handboek Gr.10 tot 12 | R275 |
| Wiskunde Gr.8 tot 12 | R400 |
| Leesboeke | Pryse wissel doen navraag by die boekstoor. |

## PRYSUITDELINGS 2025 – FOTO'S

Ouers wat belangstel in foto's van die afgelope prysuitdelings, is welkom om die volgende skakel te volg vir die foto's.

## JAARBLAAIE 2025

Ouers wat belangstel om die skool se 2025 Jaarblad aan te skaf, kan dit teen **R200 per jaarblad** doen.

Daar is slegs 'n beperkte aantal jaarblaaie beskikbaar. Betalings moet asseblief in die skool se bankrekening gedoen word met die volgende belangrike verwysing:
Jaarblad + Leerder se naam + Leerder se van

*Let wel: Hou asseblief die kwitansie of EFT-bewys van betaling. Dit moet by Me. M. du Preez (K100) getoon word om die jaarblad te ontvang.*

## SPORT

Bepalings, oefentye, programme en uitslae van die onderskeie sportsoorte sal op die skool se webwerf geplaas word (soos dit ontvang word).

### Hokkie

Voorbereiding vir die 2026 seisoen het reeds begin. Dit is belangrik dat spelers wat nie tans by ander aktiwiteite by die skool betrokke is nie, die oefeninge bywoon.

Spelers wat wel by ander aktiwiteite betrokke is, word aangemoedig om, indien moontlik, by ten minste een van die twee sessies uit te kom.

Navrae kan per e-pos aan die organiseerder gerig word by hokkie@oos-moot.co.za gekontak word.

### Hokkie – Oosie Juniors

Oefentye
Oefeninge gaan steeds voort op Vrydae vanaf 16:00-17:30
Verdere inligting is op die webblad beskikbaar.

### Rugby

Proewe 2025
Die **eerste rondte** rugbyproewe vind in November 2025 plaas (sien die tabel hieronder).

| Datum | Ouderdom | Tyd | VBeld |
|---|---|---|---|
| 15 Nov. | o.14A | 08:00 – 09:30 | C |
| | o.15A | 08:00 – 09:30 | B |
| | o.16A | 08:00 – 09:30 | A |
| | Seniors | 09:30 – 11:00 | A |

- Spelers wat nie hierdie rondte proewe kan bywoon nie, sal nie benadeel word nie.
- 'n **Tweede rondte proewe word weer in 2026** gehou, wat vir alle spelers nog 'n geleentheid bied om deel te neem.

## PVM NUTRITIONAL SCIENCES EN OOS-MOOT

**Bestelling van PVM produkte**

**PVM-produkte nou by Oos-Moot beskikbaar!**

**Bestellings**
- Let asseblief op die **bestellingsdatums.**
- Voltooi die aangehegte **nuwe bestelvorm**.
- Stuur die voltooide vorm per e-pos na: **pieterses@oos-moot.co.za**

**Besteldatums**
- 31 Oktober – 7 November
- 17 – 21 November
- 1 – 5 Desember

**Afleweringss**
- Aflewering vind plaas in die week ná die sluitingsdatum van elke bestelling.
- U sal 'n e-pos ontvang met die dag en tyd waarop u, u bestelling by die skool kan kom afhaal.

**PVM Bestelvorm (elektronies)**

## PASTEIBESTELLINGS

Hoërskool Oos-Moot in samewerking met *Pie Partners* bied u die geleentheid om handgemaakte, bevrore pasteie teen bekostigbare pryse aan te koop. In vandag se besige lewe is 'n bekostigbare, vinnige opsie vir 'n maaltyd die uitkoms vir menige gesinne.

Pasteie word teen R220 per boks (dosyn) verkoop, met 9 vulsels om van te kies.

Volg die skakel vir volledige inligting en die bestelvorm.

**Pasteie - bestelvorm/inligting )**






## VIR ONS GRAAD 8'S VAN 2026

Welkom! Hierdie deel van die nuusbrief is spesiaal vir jou en jou ouers. Hier deel ons al die belangrike nuus, datums en inligting deel wat vir 2026 vir julle van belang is.

## BEKENDSTELLINGSDAG, SWEMINTERHUIS EN AVONTUURKAMP

### Bekendstellingsdag – 12 Januarie

Die Matriekraad (MR) sien daarna uit om jou in Oosieland te verwelkom!

Datum : **12 Januarie 2026**

**Program vir die dag**

| | | |
|---|---|---|
| 08:00 | : | Graad 8's ontmoet MR |
| 09:00 – 11:00 | : | Aktiwiteite |
| 11:00 – 11:30 | : | Pouse |
| 11:30 – 14:00 | : | Aktiwiteite |
| 14:00 | : | Graad 8's verdaag huis toe |

### Graad 8 sweminterhuis – 13 Januarie

Oosie jy skop jou hoërskoolreis op 13 Januarie af met die sweminterhuis. Bring jou swembroek, jou energie en kom wys ons wat jy in die water kan doen!

**Program vir die dag:**

| | | |
|---|---|---|
| 08:00 | : | Meld aan by die skool |
| 09:00 | : | Stap saam met MR na die Tjaart van Vuuren swembad |
| 09:30 – 12:00 | : | Swemuitdunne |
| 13:00 | : | Verdaag huis toe vanaf die skool. |

### Avontuurkamp – 14 tot 16 Januarie



'n Graad 8-avontuurkamp word vir ons leerders gehou om hul inskakeling by die skool te vergemaklik. Ons wil graag dat AL die graad 8-leerders die kamp bywoon.

Teken solank die datum aan!

**Datum : 14 tot 16 Januarie 2026**

'n Skrywe met volledige inligting en kostes sal binnekort beskikbaar wees.

## SKRYFBEHOEFTES EN TASSE

### Graad 8 skryfbehoeftepakkette

Jy kan nie jou skooljaar sonder jou **skryfbehoeftes** begin nie!



Jy is welkom om self jou skryfbehoeftes aan te skaf volgens die lys wat in **Aanhangsel B** voorsien word, **óf** jy kan die volledige **skryfbehoefte-pakket** direk by die skool aankoop teen **R730.**

Rig navrae aan: krediteure@oos-moot.co.za

### Tasse



- Ons leerders ontvang elke jaar GRATIS handboeke, op 'n uitleenbasis, by die skool.
- Om te verseker dat die handboeke in 'n goeie toestand bly vir die komende jare se leerders, word leerders volgens die skoolreëls verplig om 'n skooltas **met afskortings (4+ afskortings)** te hê.
- **Geen sleep-/wieletjietasse nie.**

*Let wel*: Die graad 8-leerders het 'n groot aantal handboeke. Die tasse is beskikbaar by ons skoolklereverskaffers.

## SKOOLDRAG

### Oosie Winkel



Hoërskool Oos-Moot beskik oor 'n eie klerewinkel waar alle amptelike skooldrag teen kompeterende pryse beskikbaar is. **Katalogus en pryslys** is op die webwerf beskikbaar.

Rig navrae aan: oosiewinkel@oos-moot.co.za

### Klerebank

Die skool se klerebank is daar om ons Oosie-familie te ondersteun en bied kwaliteit tweedehandse skooldrag teen bekostigbare pryse. Die winkel is in die skoolgebou geleë en word **ná skoolure** deur 'n personeellid bestuur.

Skenkings

Ons voorraad word met dank aangevul deur skenkings van matrikulante en leerders wat die skool verlaat.

Wat bied ons?

- Skoolklere (soos beskikbaar) vir mindergegoede leerders
- Tweedehandse skoolklere teen billike pryse

📌 Belangrike inligting

- Geen klere word geruil of geleen nie
- Leerders moet verkieslik teenwoordig wees tydens aankope

- Geen verkope tydens skoolure nie
- Indien gesluit, word leerders per afkondiging ingelig

Kontak ons:
Vir navrae of om 'n afspraak buite gewone ure te reël, stuur 'n e-pos na: 🖂 klerebank@oos-moot.co.za

## SKOOLFONDS 2026



Die skoolfonds vir 2026 sal teen **12 November 2025** bepaal wees en daarna in die nuusbrief uiteengesit word.

Ouers wat nou reeds skoolfonds wil betaal, kan navrae rig aan **finansies@oos-moot.co.za**

## SPORT -VOORSEISOEN

Graad 8-Oosies van 2026 – dis julle kans! Ons nuwe Graad 8's word uitgedaag om vroeg reeds deel te word van die aksie!
Sluit aan by ons voorseisoenoefeninge vir atletiek, netbal en rugby, ens. – kom wys wat in julle steek, ontmoet nuwe vriende en begin bou aan daardie ware Oosie-gees!

### Atletiek



**Kom oefen GRATIS saam! D**ie oefentye is by hierdie skakel beskikbaar. Vir navrae kontak: 🖂 Mnr HJ van Aswegen – atletiek@oos-moot.co.za

### Rugby




Na 'n uitstekende 2025 seisoen sien ons uit jul by ons voorseisoenoefening te ontmoet. **Oefening begin op 28 Oktober 2025**.

| Dag | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Dinsdag | 16:30 – 17:30 | Oos-Moot sportveld |
| Donderdag | 16:30 – 17:30 | Oos-Moot sportveld |

*Bring verkieslik jou tokse – maar kaalvoet is ook welkom!*
Rig navrae aan sport@oos-moot.co.za.

### Netbal



Die netbal het 'n ongelooflike jaar beleef met baie uitstaanprestasies. Graad 8's vir 2026 kom skakel in by ons netbal voorseisoen. **Oefening begin op 28 Oktober 2025**.

| Dag | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Dinsdag | 14:30 – 16:00 | Oos-Moot sportveld |
| Donderdag | 15:30 – 17:00 | Oos-Moot sportveld |

Rig navrae aan: netbal@oos-moot.co.za

### Hokkie



2026 graad **8-seuns en –dogters**! Stel jy belang om hokkie te speel? Kom oefen nou reeds saam met ons afrigters op ons astro.

Oefentye

| Dag | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Dinsdae | 17:00 – 18:30 | Oos-Moot astro |

Rig navrae aan hokkie@oos-moot.co.za.

### Tennis



Graad 8's 2026 kom neem deel aan ons tennis rondomtalie van **1 tot 5 Desember**! Belangstellende spelers kan mnr W Smit kontak by tennis@oos-moot.co.za

## SLUITKASTE ("Lockers")



Die skool het sluitkaste (vir boeke of vir sport) vir ons leerders.

Die graad 8's sal in **Januarie 2026** die geleentheid kry om sluitkaste te bespreek en te betaal.




Waverley
Wiskunde & Wetenskap
Sentrum
Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.
Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
Rekeningkunde graad 8 tot 12.
Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
Career Direct: Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding
Aanvullende onderrig + Beroeps
- & Vakkeuse toetsing
Marina Stander - 083 259 8913


Oos-Moot krieket met trots geborg deur
FERCOR
CONSTRUCTION
SINCE 1998
Expect the Exceptional
0861 FERCOR
012 430 5050 • 012 333 0402
www.fercor.co.za • info@fercor.co.za


nhs
NOORDELIKE
HELPMEKAAR
STUDIEFONDS
Bekostigbare
STUDIELENINGS
vir
TERSIêRE ONDERRIG
in Suid-Afrika
NHS BIED DIE VOLGENDE:
Tydens die studietydperk
• R80 000 per jaar vir die volle tydperk
• Prima minus 3 % rentekoers
• Slegs rente word maandeliks betaal
Na die studietydperk
Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.
• Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
• Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima minus 3 %.
KONTAK ONS
(011) 782 9160
admin@nhsfonds.co.za
noordelikehelpmekaarstudiefonds.org

DIE OOSIE Bond

## IN ‘N NEUTEDOP

Die Oosie-Bond is in Julie 2022 gestig deur die vorige BL-voorsitters, oud Oos-Mooters en persone van die gemeenskap wat die Moot en die skool op die hart dra. In 2023 maak die Oosie-Bond die eerste koshuis verbonde aan Hoërskool Oos-Moot oop. Die Oosie-Bond gee tans vir 28 leerders, met die oog om in 2026 te verhoog na 33 leerders, die geleentheid om te groei en ontwikkel by Hoërskool Oos-Moot. Die Oosie-Bond is in noue samewerking met die bestuur van die skool en het tot op hede baie projekte namens die skool aangepak.

**Missie:**
Die Oosie-Bond funksioneer as ‘n geïntegreerde entiteit met die doel om die voortbestaan en nalatenskap van Hoërskool Oos-Moot te verseker en verder uit te bou deur: die verkryging en behoud van gehalte-onderwys, die geleenthede te skep vir kinders om hulle volle potensiaal in akademie, kultuur en sportaktiwiteite uit te leef; om ‘n basis vir ondersteuning van welstand van die leerlinge te verskaf, om die Hoërskool Oos-Moot te ondersteun en te ontwikkel. Ons streef daarna om die algehele prestasie in Hoërskool Oos-Moot te verbeter, en so 'n positiewe verskil in die lewens van jongmense en in ons gemeenskap te maak.

**Visie:**
Ons visie is om 'n toekoms te bou waar elke kind, ongeag hul agtergrond, die geleentheid het om hul volle potensiaal te bereik. Ons streef om te bou op die verlede, die hede te koester, en te fokus op die toekoms van Hoërskool Oos-Moot en die gemeenskap.

**Verskillende fasette van die Oosie-Bond**
- Skool: Identifiseer bepaalde kapitaalprojekte van die skool en fasiliteer donasies om die projekte te finansier.
- Gemeenskap: Die Bond fasiliteer projekte deur die jaar om fondse te bekom, wat bydra tot die verligting van die nood in die omgewing.
- Kommunikasie: Die Oosie-Bond behartig kommunikasie tussen die skool en verskeie rolspelers om sosiale- en netwerkinteraksie te bevorder.

**Suksesverhale en Projekte**
Ons Oosie-Bond se pa-groepie het reeds 28 Saterdae suksesvol ingeploeg om pawiljoene, afdakke en strukture te verbeter. Van ons suksesvolste projekte is die Charles Kokt Pawiljoen en die Oosie-Bond buitelug verhoog, wat al menige kunstenaars gehuisves het.  Binnekort staan die Oosie-Bond stoeisaal en ‘n opgegradeerde gimnasium ook trots op Hoërskool Oos-Moot se perseel.

Hoërskool Oos-Moot se rugby het oor die laaste 3 jaar uitermatig gegroei met die hulp en ondersteuning van die Oosie-Bond.  Ons rugby presteer tans in hoë ligas en staan nie vir ‘n sekonde terug nie. Volgende jaar neem ons rugby met trots deel aan die Noord-Suid Rugby toernooi, en ons is uitgenooi na die Francois Swart o.15 rugbyweek. Dit is die eerste keer in Hoërskool Oos-Moot se geskiedenis wat ons rugby aan hierdie toernooie deelneem.

**Word deel van die Oosie-Bond**
Jy kan ook ‘n verskil maak.  Sluit aan by ons:
- WhatsApp Ondersteunersgroep:  https://chat.whatsapp.com/I68IETvnQq620ZOrTlb6fc?mode=wwt
- Volg ons op Sosiale Media:
  - Facebook https://www.facebook.com/share/19VS1Sqdh2/
  - Instagram https://www.instagram.com/oosie_bond?igsh=eGpsb3Y5c2lkZng3
- Kontak vir Anzche op 084 532 8371.

*Moot-tot-die-dood!*

**AANHANGSEL B**

# SKRYFBEHOEFTELYS – 2026

## ALGEMENE SKRYFBEHOEFTES:

**1 x 'n Behoorlike sterk, stewige skooltas met versterkte afskortings. (GEEN rugsakke sonder afskortings mag as skooltas gebruik word nie)**
1 x Pritt gom
1 x stel Highlighters / Glimpenne (6 kleure)
1 x Skêr
1 x Swart pen
4 x Blou penne
2 x Gewone HB-potlode
1 x Skerpmaker
1 x Uitveër
1 x Pakkie kleurpotlode
1 x 30cm Liniaal
Papier en plastiek om handboeke en skrifte oor te trek
1 x Eksamenblok met gaatjies (lyne)

## GRAAD 8 – Die graad 8-skryfbehoeftepakket (*werkboeke uitgesluit*) kan by die skool se finansieskantoor aangekoop word teen R730 per pakket.

| VAK | SKRYFBEHOEFTES | PRYS EN PROJEKKODES |
|---|---|---|
| Afrikaans Huistaal | 1 x 192 bl. hardeband skrif<br>1 x A5 skrif<br>Moet asb. nie skrifte oortrek nie. | |
| English First Additional Language | 1 x 288 bl. hardeband skrif met lyne<br>1 x plastieksakkie vir notas (wat vasknip) | |
| Wiskunde | 2 x 196 bl. Hardeband skrifte met lyne<br>1 x 30 bl. Flip File vir notas<br>1 x Helix Oxford meetkunde stel | |
| Wiskunde vaardighede | 1 x A4 portefeuljelêer | |
| Lewensoriëntering | LO Werkboek | R120<br>P420Naam+Van |
| Natuurwetenskappe | Glimpenne/ kleurpotlode<br>Sakrekenaar<br>Portefeuljelêer  | |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 1 x 72 bl. Skrif<br>EBW Werkboek | R120<br>P409Naam+Van |
| Kuns en Kultuur | Grafietpotlode (HB, 2B)<br>Kniebare uitveër<br>Stel inkleurpotlode<br>Skerpmaker | |
| Sosiale Wetenskappe | 2 x 72 bl. skrifte | |
| Tegnologie | 2 x 72 bl. skrifte | |
| Ingenieursgrafika en -ontwerp | 1 x Helix Oxford meetkunde stel (sien Wiskunde)<br>1 x Flip File (20 sakkies) | |
| Gasvryheidstudies | 1 x 72 bl. Skrif | |

| | | |
|---|---|---|
| | Gasvryheidstudie werkboek<br><br>'n VOORSKOOT en HOED word benodig vir Graad 8. Dit word gebruik tot Graad 12 tydens praktiese. (**Meer inigting rakende die aankoop en koste van die koksdrag sal nader aan die tyd deurgegee word.)**<br>'n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke word benodig vir skottelgoed tydens praktiese.<br><br>Dit word sterk aanbeveel dat 'n groot genoeg plastiekkrat aangekoop word om dié benodighede in te vervoer tydens praktiese sessies (foto langsaan).  | R120<br>P425Naam+Van<br><br>Plastiekkrat beskikbaar by o.a. Plastilon |

## GRAAD 9

| VAK | SKRYFBEHOEFTES | PRYS EN PROJEKKODES |
|---|---|---|
| Afrikaans Huistaal | 1 x 192 bl. hardeband skrif<br>1 x A5 skrif<br>Moet asb nie skrifte oortrek nie | |
| English First Additional Language | 1 x 288 bl. hardeband skrif met lyne<br>1 x plastieksakkie vir notas (wat vasknip) | |
| Wiskunde | 2 x 196 bl. Hardeband skrifte met lyne<br>1 x Flip File vir notas (30 sakkies) | |
| Wiskunde vaardighede | 1 x A4 portefeuljelêer | |
| Lewensoriëntering | Werkboek | R120<br>P419 Naam+Van |
| Natuurwetenskappe | Glimpenne/ kleurpotlode<br>Sakrekenaar<br>Portefeuljelêer  | |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 1 x 72 Bl. skrif<br>EBW Werkboek | R120<br>P410Naam+Van |
| Kuns en Kultuur | Grafietpotlode (HB, 2B)<br>Kniebare uitveër<br>Stel inkleurpotlode<br>Skerpmaker | |
| Sosiale Wetenskappe | 2 x 72 bl. skrifte<br>1 x Flip File (10 sakkies) | |
| Tegnologie | 2 x 72 bl. skrifte | |
| IGO | 1 x Helix Oxford meetkundestel (sien Wiskunde)<br>1 x A4 Flip File (20 sakkies) | |
| Robotika | Geen | |

## GRAAD 10

| VAK | SKRYFBEHOEFTES | PRYS EN PROJEKKODES |
|---|---|---|
| Afrikaans Huistaal | 1 x 288 bl. hardeband skrif<br>1 x A5 boekie met lyntjies<br>1 x Flip File (20 sakkies) | |
| English First Additional Language | 3 x 72 bl. Skrifte | |
| Wiskunde | 1 x 288 bl. hardeband skrifte met lyne<br>1 x Wetenskaplike sakrekenaar (Casio fx-82ES Plus)<br>1 x Flip File (20 sakkies) | |
| Wiskundige Geletterdheid | 2 x 196 bl. hardeband skrifte met lyne<br>1 x Wetenskaplike sakrekenaar (Casio fx-82ES Plus) | |
| Lewensoriëntering | 1 x Werkboek | R120<br>P421Naam+Van |
| Fisiese Wetenskappe | Doc Scientia werkboek | R460<br>P406Naam+Van |
| Lewenswetenskappe | 1 x 192 bl. hardeband skrif, gradeboog en passer. | |
| Besigheidstudies | 3 x 72 bl. skrifte<br>Besigheidstudies werkboek | R150<br>P429Naam+Van |
| Ekonomie | 1 x Ringbindleêr<br>1 x Eksamenblok | |
| Rekeningkunde | 1 x 72 bl. skrif<br>1 x Flip File (20 of meer sakkies)<br>Ken en Verstaan werkboek | R200<br>P411Naam+Van |
| Gasvryheidstudies | 1 x 288 bl. hardeband skrif<br>'n Volledige koksdragstel word benodig vir Graad 10. Dit word gebruik tot in Graad 12 tydens restaurantaande en prakties.<br>(**Meer inligting rakende die aankoop en koste van die koksdrag sal nader aan die tyd deurgegee word.)**<br>'n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke word benodig vir skottelgoed tydens praktiese.<br>Dit word sterk aanbeveel dat 'n groot genoeg plastiekkrat aangekoop word om die benodighede in te vervoer tydens praktiese (foto langsaan).  | Plastiekkrat beskikbaar by o.a. Plastilon |
| Verbruikerstudies | 1 x 192 bl. hardeband skrif<br>'n voorskoot, hoed en koksbroek word benodig vir Graad 10. Dit word gebruik tot en met Graad 12 tydens praktiese.<br>(**Meer inligting rakende die aankoop en koste van die koksdrag sal nader aan die tyd deurgegee word.)**<br>'n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke word benodig vir skottelgoed tydens praktiese.<br>Dit word sterk aanbeveel dat 'n groot genoeg plastiekkrat aangekoop word om dié benodighede in te vervoer tydenspraktiese (foto langsaan).  | Plastiekkrat beskikbaar by o.a. Plastilon |

| | | |
|---|---|---|
| Geografie | 1 x 92 bl. hardeband skrif<br>1 x 360° gradeboog | |
| Toerisme | Toerismewerkboek | R360<br>P418Naam+Van |
| Visuele kuns | **SKILDER/SKETSBENODIGHEDE:**<br>**Grafietpotlode:** 6B, 4B, 2B, HB, 2H<br>**Houtskool:** Kan saamgeperste houtskoolpotlode wees of wilgerhoutskoolstokkies.<br>**Pastelle:** Oliepastelle – pak van 24<br>**Ink:** Swart balpuntpen<br>Klein houer stempel-ink (olie-vry)<br>**Verf:** Akrielverf in die volgende kleure: blou, geel, rooi, wit, swart, prussian blou (minimum 75 ml houer verf)<br>**Uitveër:** Kniebare uitveër<br>**Kwasse:** Sagte borselkwasse:<br>- 3 vierkantige kwasse: klein, medium en groot<br>- 3 ronde kwasse: klein, medium en groot<br>- 1 klein kwas vir fyner werk<br>- 1 waaierkwas<br><br>Canvas: 1 x A3 Canvas (box canvas of canvas bord)<br>Palet<br>Fixative: Artist's fixative OF haarsproei (aerosol tipe)<br>Monteerbord 2 x monteerborde ('mounting board')<br><br>**SKRYFBEHOEFTES:**<br>Skrif 1 x 72 bladsy skrif<br>**OPSIONEEL:**<br>Waterverfpalet<br>Canvas pad (word gebruik van gr 10-12) | |
| Ontwerp | **1 x A3 Visuele Dagboek lêer** ( word deur die skool aangekoop, leerders sal Januarie die prys ontvang.)<br>**Maskeer band** ('Masking tape')<br>**Kniebare uitveer** ('kneadable eraser')<br>**Nylon kwassies** – dun en dik (word gewoonlik in gemengde pakke verkoop met verskillende groottes)<br><br>**Waterverfstel** (die buisies werk nie so goed soos dié wat klaar in die pan is nie)<br><br>**Grafietpotlode** – HB, 2H, 2B, 4B | |



| | | |
|---|---|---|
| | **Alkohol merkers/copic markers**<br>*(opsioneel)*<br>**Swart fine liners** – in die dikte 0.5 en 2<br>**Fabriano papier** – word soos benodig vir take aangekoop<br>**Swart Monteerbord (mounting board)** - word soos benodig vir take aangekoop<br><br> | |
| Ingenieursgrafika- en ontwerp | IGO werkboek<br>Tekengereedskapstel<br>Ingesluit in Tekengereedskap stel:<br>* A3 Tekenbord<br>* Passerstel:<br>- Tekenpasser met 0.5mm potlooddrukstukke<br>* Tekenpotlood: 0.5mm Pentel drukpotlood met 0.5mm H-loodjies<br>* ATI / Pentel Click Pen-tipe uitveër<br>* Uitveëplaatjie<br>* 45° driehoek met arseerlyne<br>* 180º gradeboog. 30/60° driehoek met sirkel stensel.<br>* Liniaal<br>Rol maskeerband | Werkboek:<br>R310<br>P404Naam+Van<br><br>Tekengereedskap stel:<br>R1 600<br>Projek 403 |
| Inligtingstegnologie | 1 x 288 bl. hardeband skrif<br>**Nota:** Die skrif word vanaf graad 10 tot 12 gebruik. Elke jaar se inhoud bou op mekaar voort, en daarom het leerders steeds toegang tot die vorige jare se inhoud. | |
| Rekenaartoepassingsteg nologie | 1 x Flip File (50 Sakkies) – Teorie<br>**Nota:** Die skrif word vanaf graad 10 tot 12 gebruik. Elke jaar se inhoud bou op mekaar voort, en daarom het leerders steeds toegang tot die vorige jare se inhoud.<br><br>Opsioneel: Die volgende boeke is 'n hulpmiddel vir die leerders. Die dek die teorie inhoud vanaf gr10-12. Leerders ontvang steeds 'n handboek.<br><br> | R150<br>P426Naam+Van |

## GRAAD 11

| VAK | SKRYFBEHOEFTES | PRYS EN PROJEKKODES |
|---|---|---|
| Afrikaans Huistaal | 1 x 288 bl. hardeband skrif<br>1 x A5 boekie met lyne<br>1 x Flip File (20 sakkies) | |
| English First Additional Language | 3 x 72 bladsye skrifte | |
| Wiskunde | 2 x 288 bl. hardeband skrifte met lyne<br>1 x Wetenskaplike sakrekenaar (Casio fx-82ES Plus) | |
| Wiskundige Geletterdheid | 1 x 288 bl. Hardeband skrifte met lyne<br>1 x Wetenskaplike sakrekenaar (Casio fx-82ES Plus) | |

| | | |
|---|---|---|
| | 1 x Flip File (20 sakkies) | |
| Lewensoriëntering | 1 x Lewensoriëntering werkboek | R120<br>P422Naam+Van |
| Fisiese Wetenskappe | 1 x Fisiese Wetenskap werkboek | R465<br>P407Naam+Van |
| Lewenswetenskappe | 1 x 192 bl. hardeband skrif | |
| Besigheidstudies | Besigheidstudies werkboek<br>1 x 192 bl. OF 3 x 72 bl. skrifte | R150<br>P430Naam+Van |
| Ekonomie | 1 x Ringbindlêer<br>1 x Eksamenblok<br>Eksamenwerkboek | R180<br>P414Naam+Van |
| Rekeningkunde | Gevorderde Rekeningkunde werkboek<br>1 x 72 bl. skrif (Indien nie een in 2025 gebring is nie)<br>1 x Flip File (20 of meer sakkies) | R180<br>P412Naam+Van |
| Gasvryheidstudies | 1 x 192 bl. hardeband skrif<br>‘n Volledige KOKSDRAGSTEL* word benodig vir Graad 11. Dit word gebruik tot Graad 12 tydens restaurantaande en praktiese. (**Meer inligting rakende die aankoop en koste van die koksdrag sal nader aan die tyd deurgegee word.)**<br>‘n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke word benodig vir skottelgoed tydens praktiese.<br>*Indien die bostaande items klaar aangekoop is in Graad 10, hoef dit nie weer aangekoop te word nie. | |
| Verbruikerstudies | 1 x 192 bl. hardeband skrif<br>’n VOORSKOOT*, HOED* EN KOKSBROEK* word benodig vir Graad 11. Dit word gebruik tot Graad 12 tydens praktiese.<br>(**Meer inilgting rakende die aankoop en koste van die koksdrag sal nader aan die tyd deurgegee word.)**<br>‘n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke word benodig vir skottelgoed tydens praktiese.<br>*Indien die bostaande items klaar aangekoop is in Graad 10, hoef dit nie weer aangekoop te word nie. | |
| Geografie | 1 x 92 bl. hardeband skrif<br>1 x 360° gradeboog | |
| Toerisme | Toerismewerkboek | R360<br>P416Naam+Van |
| Ingenieursgrafika-en ontwerp | 1 x IGO werkboek | R310<br>P404Naam+Van |
| Visuele kuns | **SKILDER/SKETSBENODIGHEDE:**<br>**Grafietpotlode:** 6B, 4B, 2B, HB, 2H<br>**Ink:** Swart balpuntpen<br>Klein houer stempel-ink (olie-vry)<br>**Verf:** Akrielverf in die volgende kleure: blou, geel, rooi, wit, swart, prussian blou (minimum 75 ml houer verf)<br>**Uitveër:** Kniebare uitveër<br>**Kwasse:** Sagte borselkwasse: | |

| | | |
|---|---|---|
| | - 3 vierkantige kwasse: klein, medium en groot<br>- 3 ronde kwasse: klein, medium en groot<br>- 1 klein kwas vir fyner werk<br>- 1 waaierkwas<br><br>Canvas: 3 x A3 Canvas (box canvas of canvas bord)<br>Palet<br>Fixative: Artist's fixative OF haarsproei (aerosol tipe)<br>Terpentyn<br><br>**SKRYFBEHOEFTES:**<br>Skrif 1 x 72 bl. skrif<br>**OPSIONEEL:**<br>Waterverfpalet<br>Canvas pad (word gebruik van gr 10-12)<br>A3 *Mounting Boards* vir leerders wat finale kunswerke in 'n sketsmedium voltooi. | |
| Ontwerp | **1 x A3 Visuele Dagboek lêer** ( Word deur die skool aangekoop, leerders sal Januarie die prys ontvang.)<br>**Maskeer band** ('Masking tape')<br>**Kniebare uitveer** ('kneadabl eraser')<br><br>**Nylon kwassies** – dun en dik (word gewoonlik in gemengde pakke verkoop met verskillende grootte<br><br>**Waterverfstel** (die buisies werk nie so goed soos dié wat klaar in die pan is nie)<br>**Grafietpotlode** – HB, 2H, 2B, 4B<br><br>**Alkohol merkers/copic markers** *(opsioneel)*<br>**Swart fine liners** – in die dikte 0.5 en 2<br><br>**Fabriano papier** – word soos benodig vir take aangekoop<br>**Swart Monteerbord (mounting board)** - word soos benodig vir take aangekoop | |
| Inligtingstegnologie | 1 x 288 bl. hardeband skrif (Gr10 – 12)<br>**Nota:** Dieselfde skrif van die vorige jaar word graad 10 tot 12 gebruik. Elke jaar se inhoud bou op mekaar voort, en leerders het dus steeds toegang tot die vorige jare se inhoud. | |
| Rekenaartoepassingstegnologie | 1 x Flip File (50 Sakkies) Teorie<br>**Nota:** Dieselfde Flip File van die vorige jaar word | |

| | | |
|---|---|---|
| | graad 10 tot 12 gebruik. Elke jaar se inhoud bou op mekaar voort, en leerders het dus steeds toegang tot die vorige jare se inhoud.<br><br>Opsioneel: Die volgende boekies is 'n hulpmiddel vir die leerders. Dit dek die teorie inhoud vanaf gr10- 12. Leerders ontvang steeds 'n handboek.  | R150<br>P427Naam+Van |

## GRAAD 12

| VAK | SKRYFBEHOEFTES | PRYS EN PROJEKKODES |
|---|---|---|
| Afrikaans Huistaal | 1 x 288 bl. hardeband skrif met lyne<br>1 x A5 skrif met lyne<br>1 x Flip File (30 sakkies) | |
| English First Additional Language | 2 x 72 bl. | |
| Wiskunde | 2 x 288 bl. hardeband skrifte met lyne<br>1 x Wetenskaplike sakrekenaar (Casio fx-82ES Plus) | |
| Wiskundige Geletterdheid | 1 x 288 bl. hardeband skrifte met lyne<br>1 x Wetenskaplike sakrekenaar (Casio fx-82ES Plus)<br>1 x Flip File (20 sakkies) | |
| Lewensoriëntering | 1 x Werkboek | R120<br>P423Naam+Van |
| Fisiese Wetenskappe | Doc Scientia werkboek | R 625<br>P408Naam+Van |
| Lewenswetenskappe | 1 x 92 bl. hardeband skrif met lyne | |
| Besigheidstudies | 1 x Besigheidstudies werkboek<br>1 x 192 bl. of 3 x 72 bl. skrifte | R150<br>P431Naam+Van |
| Ekonomie | 1 x Ringbindlêer<br>1 x Eksamenblok | |
| Rekeningkunde | Ken en Verstaan werkboek<br>1 x 72 bl. skrif<br>1 x Flip File (20 of meer sakkies) | R250<br>P413Naam+Van |
| Gasvryheidstudies | 1 x 192 bl. hardeband skrif<br>'n Volledige KOKSDRAGSTEL* word benodig vir Graad 12. Dit word gebruik tydens restaurantaande en praktiese. (**Meer inligting rakende die aankoop en koste van die koksdrag sal nader aan die tyd deurgegee word.)**<br>'n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke word benodig vir skottelgoed tydens praktiese.<br>**Indien die bostaande items klaar aangekoop is in Graad 10, hoef dit nie weer aangekoop te word nie.* | |
| Verbruikerstudies | 1 x 192 bl. hardeband skrif<br>'n VOORSKOOT* en HOED* word benodig vir Graad 12. (**Meer inligting rakende die aankoop en koste van die koksdrag sal nader aan die tyd deurgegee word.)** | |

| | | |
|---|---|---|
| | ‘n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke word benodig vir skottelgoed tydens praktiese.<br>**Die Antwoordreeks handboek word in Graad 12 gebruik. Dit is beskikbaar by PNA.**<br>**Indien die bostaande items klaar aangekoop is in Graad 10, hoef dit nie weer aangekoop te word nie.* | |
| Geografie | 1 x 92 bl. hardeband skrif<br>1 x 360° gradeboog | |
| Toerisme | Toerismewerkboek | R360<br>P417Naam+Van |
| Ingenieursgrafika-en ontwerp | 1 x Werkboek | R310<br>P404 Naam+Van |
| Visuele kuns | BENODIGHEDE:<br>In gr.12 spesialiseer leerders en besluit in watter medium hul hoofsaaklik wil werk. Daarom besluit leerders self watter materiale om aan te koop. Die leerder kan die onderstaande lys gebruik as riglyn. ‘n Leerder wat nie verf as medium vir finale kunswerke gaan gebruik nie, hoef nie *canvasse* aan te koop nie.<br>Leerders wat gaan skets i.p.v. verf, moet ‘n A3 monteerbord aankoop per finale kunswerk.<br><br>**SKILDER/SKETSBENODIGHEDE:**<br>**Grafietpotlode:** 6B, 4B, 2B, HB, 2H<br>**Houtskool:** Kan saamgeperste houtskool-potlode wees of wilgerhoutskoolstokkies.<br>**Pastelle:** Oliepastelle – pak van 24<br>**Ink:** Swart balpuntpen<br>Klein houer stempel-ink (olie-vry)<br>**Verf:** Akrielverf in die volgende kleure: blou, geel, rooi, wit, swart, prussian blou – (minimum 75 ml houer verf)<br>**Uitveër:** Kniebare uitveër<br>**Kwasse:** Sagte borselkwasse:<br>- 3 vierkantige kwasse: klein, medium, groot<br>- 3 ronde kwasse: klein, medium, groot<br>- 1 klein kwas vir fyner werk<br>- 1 waaierkwas<br><br>**Canvas:** 1 x A3 Canvas (box canvas of canvas bord)<br>**Palet**<br>**Fixative:** Artist’s fixative OF haarsproei (aerosol tipe)<br>**Monteerbord:** A3 monteerborde (‘mounting board’) | |

| | | |
|---|---|---|
| | **SKRYFBEHOEFTES:**<br>Skrif 1 x 72 bladsy skrif<br>**OPSIONEEL:**<br>Waterverfpalet<br>Canvas pad (word gebruik van gr 10-12) | |
| Inligtingstegnologie | 1 x 288 bl. hardeband skrif (Gr10 – 12)<br>**Nota:** Dieselfde skrif van die vorige jaar word graad 10 tot 12 gebruik. Elke jaar se inhoud bou op mekaar voort, en leerders het dus steeds toegang tot die vorige jare se inhoud. | |
| Rekenaartoepassingstegnologie | 1 x Flip File (50 Sakkies) Teorie<br>**Nota:** Dieselfde Flip File van die vorige jaar word graad 10 tot 12 gebruik. Elke jaar se inhoud bou op mekaar voort, en leerders het dus steeds toegang tot die vorige jare se inhoud.<br><br>Opsioneel:<br>Die volgende boekies is 'n hulpmiddel vir die leerders Dit dek die teorie inhoud vanaf gr10 – 12. Leerders ontvang steeds 'n handboek.  | R150<br>P428Naam+Van |